

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)

*O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.*

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Geduldig en vriendelik

Skriflesing: 1 Korintiërs 13

“This is my simple religion. No need for temples. No need for complicated philosophy. Your own mind, your own heart is the temple. Your philosophy is simple kindness.”

— Dalai Lama XIV

Broodjies vir die pad

“The smallest act of kindness is worth more than the greatest intention.”

— Kahlil Gibran, The Essential Kahlil Gibran

“The ideals which have always shone before me and filled me with joy are goodness, beauty, and truth.”

— Albert Einstein

’n Blinde man het opgeklim
op Soutrivier, sy oë was wit;
geluister vir die stiltes tussen
pendelaars en daar gaan sit.
Sy stem en sy kitaar was moeg:
hy’t skamerig en sag begin
om bo die groot gedruis in Xhosa
Koos Doep se Gebed te sing.
Die aunties van die townships en
die Zimmers en ’n vet, bles oom
het een-een ingeval en saam
oor god en ander goed gedroom.

*Uit: Asof geen berge ooit hier gewoon het
nie – Pieter Odendaal*

“I believe that there is one story in the world, and only one. . . Humans are caught—in their lives, in their thoughts, in their hungers and ambitions, in their avarice and cruelty, and in their kindness and generosity too—in a net of good and evil. . . There is no other story. A man, after he has brushed off the dust and chips of his life, will have left only the hard, clean questions: Was it good or was it evil? Have I done well—or ill?”

— John Steinbeck, East of Eden

Die heerlikheid daarvan om net laf te wees

Martie Retief Meiring

Die partytjie is nou goed op dreef. Ons het al lankal geëet, gedrink, mekaar se gesondheid, mekaar se beleggings, mekaar se skokke en mekaar se verrassings uitgehoor.

Nou begin die beste ding. Ons wil nie nou al loop nie. In hierdie nagloed begin die dinge wat ’n partytjie onder vriende máák, die partytjie identiteit gee. Ons begin ons partytjetruuks uithaal. Ons ken mekaar se truuks, maar ons wil dit wéér sien en wéér beleef.

As daar iewers ’n kitaar is, begin die jollie liedere. Piet Hein (“De Zilvervloot”), of (skuldig . . .) “Kent gij dat volk”. Daarna, onvermydelik, die sad songs – “On Top of Old Smokey”, “Trein na Pretoria”, “Ramona”.

Ons onthou ook. Daardie aand toe ons veel jonger vriendin wawiele gemaak het met die gerug dat sy “niks onder aan het nie”. Hoe sal ons ooit weet, sy het so vinnig gewaaiel.

Dan kom die aandrang dat ons gewoonlik stemmige antikwaarvriend sy “Polonie-dans” doen. Dan sing en dans ons saam.

Sy vrou kon dan ’n Japanse liedjie sing. Elders het ek in die onvermydelikheid van daardie partytjie ’n ouerige man gesien Elvis Presley nadoen. Ook ene wat die gasvrou se tuinhoed opsit en huilend “I’m a Poor, Lone-some Cowboy” sing. Ook ene wat skielik op sy knieë sak en Al Jolson se “Sonny Boy” uitstort. Self kon ek ’n baie weemoedige Weskusliedjie, “Weerpoelie”, sing.

Daarna moes iemand 'n flinke, vrolike ding doen, soos Tersia wat 'n cancan sou doen, maar nie heeltemal soos in Parys nie.

Waarom doen ons dit – hierdie lawwigheid? Hierdie amper kinderagtigheid van herhaling en apploudeer en smee vir nog?

Is ons moeg van ordentlikheid en stemmigheid? Of is dit net om môre so 'n bietjie uit te stel met sy wasgoed, sy verkeer, sy kantoor nonsens, sy wag by die skoolhek, sy beursverslae.

Of is dit die Pagliacci-sindroom – lag, lag hoewel jy huil?

Dalk is party tricks ook dit. Dalk is dit omdat daar in elkeen van ons 'n akteur skuil wat bars om uit te spring, om die verhoog te beleef, te waag om selfs 'n gek van onself te maak, te lag terwyl gister en môre dalk nie so lekker is nie.

Miskien het die merlot gehelp, miskien het die lekker kos gehelp, miskien was dit net lekker dat jou ma of jou kind of 'n familielid nie daar is om hulle vir jou te skaam nie.

Dis nou nie die intense vleeslikheid van N.P. van Wyk Louw se “Ballade van die nagtelike ure” nie, maar die nagtelike ure van laf wees en uit ons eie “borstrokke” klim, kry tog iets van 'n ballade.

Jy ry of loop huis toe, moeg gefuif, moeg selfs gelag, en as die oosterkim wil-wil lig word, het jy 'n lied in die hart.

* *In Brittanje was dit bekend dat die vrouewerkers in die wapenfabrieke van die Tweede Wêreldoorlog met elke goeie stukkie nuus van die oorlogsfront hoogskoppe op tafels gedoen het. Dalk is dit 'n goeie voorbeeld vir vandag se dae.*

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/die-heerlikheid-daarvan-om-net-laf-te-wees-20180919>

“The acceptance of oneself is the essence of the whole moral problem and the epitome of a whole outlook on life. That I feed the hungry, that I forgive an insult, that I love my enemy in the name of Christ -- all these are undoubtedly great virtues. What I do unto the least of my brethren, that I do unto Christ. But what if I should discover that the least among them all, the poorest of all the beggars, the most impudent of all the offenders, the very enemy himself -- that these are within me, and that I myself stand in need of the alms of my own kindness -- that I myself am the enemy who must be loved -- what then? As a rule, the Christian's attitude is then reversed; there is no longer any question of love or long-suffering; we say to the brother within us "Raca," and condemn and rage against ourselves. We hide it from the world; we refuse to admit ever having met this least among the lowly in ourselves.”

— C.G. Jung, Memories, Dreams, Reflections

Brood vir die pad

Getrouheid aan ons erfenis verg meer as herhaling

RRV

Wat beteken dit om erns met ons erfenis te maak? Wat behels getrouheid aan ons kulturele en godsdienstige tradisies? En wanneer verrai ons dit waarvoor ons familie, groep, werkplek of kerk staan?

Een moontlike antwoord op hierdie vrae is om te sê dat sodanige getrouheid behels dat ons gewoon die woorde, waardes en wysshede van ons tradisie of groep se leidende figure

en gesaghebbende tekste in ons eie dag herhaal. Ons glo, dink en praat dan presies soos ons voorgangers.

Maar ons voel waarskynlik intuïtief aan dat getrouheid op morele en geestelike vlak méér as blote herhaling verg. Etiek behels immers meer as mimiek – navolgingskap eerder as nabootsing.

Dit val nogal op hoe invloedryke denkers dikwels beklemtoon dat respek vir jou tradisie nie met klakkelose herhaling verwar moet word nie.

Soos die Switserse teoloog Karl Barth (vanjaar 50 jaar gelede oorlede). In 1922 word sy lesings oor die teologie van die hervormer Johannes Calvyn gepubliseer. Hierin tree Barth op diepgrondige wyse met Calvyn se lewe en werk in gesprek.

Tog waarsku hy daarteen dat ons kan dink dat ons by Calvyn iets geleer het as ons alleenlik sy woorde herhaal en sy menings as ons menings weergee. Hy gaan selfs so ver as om te sê dat hulle wat bloot Calvyn se woorde eggo, nie goeie Calviniste is nie!

Nee, om aan Calvyn getrou te wees mag juis beteken dat ons as gevolg van die ernstige gesprek met hom in ons dag iets anders sê as wat Calvyn in sy dag gesê het.

Agter Barth se opmerking sit 'n dinamiese verstaan van tradisie. In hierdie sin kan ons praat van 'n lewende tradisie, en moet dit van 'n strakke tradisionalisme onderskei word.

Die Ortodokse historikus Jaroslav Pelikan stel dit goed: “Tradition is the living faith of the dead, traditionalism is the dead faith of the living”.

Ons sou in die lig hiervan kon sê dat om erns met ons kulturele, intellektuele en godsdienstige erfenis te maak, nie ten diepste oor die blote herhaling van vooraf geblikte antwoorde of a-historiese stellings gaan nie. Gister se antwoorde kan immers vandag se leuens wees; vorige generasies se wysshede vandag se stommighede.

Om deel van 'n lewende tradisie te wees beteken dat ons die gesprek met die verlede met soveel erns bejeën dat ons 'n risiko loop om dit met nuwe taal en handeling te waag. 'n Erfenis is in hierdie sin nie maar net iets uit die verlede ontleen nie, maar iets waaraan ons in die hede deelneem.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/getrouheid-aan-ons-erfenis-verg-meer-as-herhaling-20180921>

“You can give without loving, but you can never love without giving. The great acts of love are done by those who are habitually performing small acts of kindness. We pardon to the extent that we love. Love is knowing that even when you are alone, you will never be lonely again. & great happiness of life is the conviction that we are loved. Loved for ourselves. & even loved in spite of ourselves.”

— Victor Hugo, Les Misérables

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.